

1 Maart

Skrifgedeelte: Matteus 20:20-21:22 (NAV)

Fokusgedeelte: Matteus 20:20-28

Tradisie se donker kant

Tradisie bied vir jou 'n grondplan waarvolgens jy jou lewe kan ontplooi. Jy weet uit kennis en ondervinding wat reg en verkeerd is, wat werk en wat nie werk nie. 'n Mens sonder tradisie is 'n ontwortelde, koerslose mens. Maar as tradisie in stryd is met wat God aan ons openbaar, word dit 'n vloek wat naamlose ellende kan veroorsaak.

Die dissipels het krampagtig vasgehou aan so 'n geekte Joodse tradisie. Veral onder die Romeinse oorheersing het die dissipels hierdie ideaal hartstogtelik vertroetel. Hulle het verwag dat Jesus 'n aardse koning sou wees wat hulle van die Romeine sou verlos. Die dissipels stry onder mekaar wie die belangrikste is (Mark 9:34). Salome vra selfs vir Jesus om aan haar twee seuns die belangrikste poste in hierdie aardse koninkryk te gee!

Die tradisionele beskouing van 'n aardse verlosser maak hulle blind en doof vir die pragtige ontplooiing van God se Raadsplan. Die dag met die kruisiging het dit hulle totaal onvoorbereid getref.

Watter ellende kan tradisie nie veroorsaak nie as dit bots met die Woord van God! Ons kerkverband ken dit! Die stryd rondom die evangelisering van swart mense, die manél, die wit das, hoede en rassediskriminasie is maar enkele voorbeelde van verkeerde tradisies wat baie ellende veroorsaak het. Daar is net een manier om die slaggate van misleidende tradisies te vermy: Om onbevange te luister na wat God in sy Woord sê (Matt 5:21-48).

Sing: Psalm 89:6

Ds APC Duvenage (Emeritus)